# DIE DOOP

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Matthéüs 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

**Handelinge 2: 38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.**

-o0o-

Hier is twee gedeeltes uit die Woord oor die doop. Die een gedeelte, Matt 28: 19, sê dat ons gedoop moet word in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. In Handelinge 2: 38 staan daar weer dat ons gedoop moet word in die Naam van Jesus Christus.

My mening, rondom hierdie hele saak van doop, is dat dit nie gaan oor hoe jy gedoop is nie.

- Word jy in die Naam van die Here Jesus Christus gedoop, wat die Een-Naam Leer, ook bekend as die Gemeentes van Christus (Jesus Only) belydenis is, of word jy in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees gedoop, wat PPK, AGS en VEK belydenis is?

Ek dink nie dit is waaroor dit gaan nie, want Paulus skryf vir Timótheüs, dat 'n mens nie met al hierdie los hangende vrae moet peuter nie (2 Tim 2:23). Dit gaan daaroor of jy gedoop is, of nie gedoop is nie. Baie keer gebeur dit in die lewe dat mense, wat nog nooit eers bekeerd is nie, gedoop word. Hulle verstaan nie die doop nie en hulle is nog nooit regtig wedergebore nie.

## OPENBARE BELYDENIS

Onthou, die doop red jou nie. Hoe jy dit ook al doen, moet dit 'n openbare belydenis wees. Jy word nie in die geheim gedoop nie, maar in die openbaar.

My persoonlike opinie is om te doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die onderdompeling word nie drie keer gedoen nie. Dit is net 'n enkele onderdompeling, want Christus het net eenkeer in die graf ingegaan en het weer opgestaan op die derde dag. Hy is nie drie keer begrawe nie en Hy het nie drie keer opgestaan nie. Hy het gesterf, is begrawe en het op die derde dag weer opgestaan.

- As ons die Drie-Enige God erken, dan bely ons.

Dit is nie verkeerd om in die Naam van Jesus Christus gedoop te word nie. Dit is ook Bybels. Die kwessie is net of 'n mens dit verstaan. Besef 'n mens dat dit die Raadsplan van God is, wat tot vervulling gekom het in Christus Jesus?

- Jy het daardie Raadsplan en Evangelie volkome aangeneem.
- Jy het dit jou eie gemaak en jy is 'n getuie daarvan.

As jy daarvan 'n getuie is, bely jy dit in die openbaar en jy sê dat jy daardie pad geloop het. Jy was anderkant gewees en jy het gesterf in die waterbad van wedergeboorte, soos Titus dit sê (Tit. 3:5). Jy is nou opgewek deur die Gees van God (Rom. 8:11), as 'n nuwe skepsel in Christus Jesus (2 Kor 5:17). Dit is die kort en die lank.

-o0o-

**HERDOOP**

Dit is ook natuurlik Bybels, sou 'n mens miskien nie die doop die eerste keer verstaan het nie, om weer gedoop te word. Sommige mense sê dat hulle nie reg was met die eerste doop nie. 'n Mens kan nie reg wees om gedoop te word nie, want dit is eintlik 'n opdrag. 'n Mens moet darem verstaan wat jy doen. Jy moet ook gedoop word deur 'n persoon deur wie jy bereid is om gedoop te word. Sulke dinge tel.

As jy nie oortuig was toe jy die eerste keer gedoop is en as daar nie vrede in jou hart daaroor is nie, kan jy jouself weer 'n keer laat doop. Ek het baie mense 'n tweede keer gedoop. Dit is net om vir jou daardie vrede te gee en om daardie oortuiging in jou hart kan kry.

**JORDAAN DOOP**

Baie mense, wat alreeds gedoop is, wil wanneer hulle in Israel kom, hulself in die Jordaan laat doop. Daarmee is niks verkeerd nie, maar 'n mens moet net nie jou eerste doop verwerp nie. Jy moet regtig deur die Heilige Gees oortuig wees dat daar dinge in die eerste doop was, wat nie reg is nie. As jy nie vrede in jou hart het oor die eerste doop nie, kan jy 'n tweede keer gedoop word. As jy in jou hart tevrede is met die eerste doop, maar jy wil ook graag in die Jordaan gedoop word, sien ek ook glad nie fout daarmee nie. Dit is dan maar net 'n kwessie dat jy graag daar gedoop wil word, omdat dit net 'n besondere geleentheid is om in die Jordaan gedoop te word. Die tweede doop vervang dan nie die eerste doop nie. Dit is net 'n herbevestiging dat jy in die Jordaan ook gedoop is.

Toe ons Israel besoek het, is ons die keuse gegee om ook in die Jordaan gedoop te word. Ek het gesê dat ek tevrede was met die eerste keer wat ek gedoop is. Daar was in my hart geen gevoel dat ek my in die Jordaan moet laat doop nie. Ons almal het saamgestem. Die tweede keer wat ons gegaan het, was daar mense wat in die Jordaan gedoop is en toe het ons ook gesê dat ons reg is.

**HEILIGE SAKRAMENT**

Julle moet eintlik baie versigtig wees oor hierdie dinge, want die doop bly nog altyd 'n heilige sakrament wat Christus Jesus ingestel het. Dit is nie 'n speelding vir 'n mens wat jy sommer net kan rondgooi nie.

**TRANSFORMASIE**

Die proses van gehoorsaamheid is nie 'n keuse nie, dit is **'n opdrag**. As jy jou bekeer het, moet jy jou laat doop. Die water doop is dan die eerste doop wat plaasvind, as **'n belydenis**.

Sodra die water doop plaasgevind het, kan die Heilige Gees vir jou verder help met jou transformasieproses. Die Heilige Gees kan jou dan help om al daardie hindernisse te verwyder wat nog skeiding maak tussen die mens en God.

- Die vrug van dit wat satan kom saai het in jou lewe en wat die mens in sy lewe toegelaat het, moet verwyder word.
- Die vrug van gehoorsaamheid aan satan, moet verwyder word deur die Heilige Gees, sodat ons in 'n plek kan kom waar ons rein en heilig is.

Geestelik is ons so, maar dit moet liggaamlik ook gebeur:

- Ons vloek nie meer nie, rook en drink nie meer nie, hoereer nie meer nie.
- Ons het geen begeerte om die sondes van die wêreld te dien nie.

Vrymaking is deel daarvan. Soos wat ek in die Vrymakingskursus wys, gebeur daardie transformasie om in die Raadsplan van God terug te kom.

-o0o-

- Eers dan kan jy funksioneer onder die krag van die Heilige Gees, die Vuur van God.
- Die Salwing is dan op jou en die opdragte wat God vir jou gee.
- Die Here kan jou, dan eers, toevertrou met opdragte, soos om siekes gesond te maak.

Seën vir julle.

-o0o-

Afkortings
PPK – Pinkster Protestante Kerk
AGS – Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika
VEK – Volle Evangelie Kerk van God

**Skrifaanhalings in hierdie lesing**

**2 Timótheüs 2:23** En die dwase en onverstandige strydvrae moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek;
2 Tim 2:24 en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra.

**Rom 8:11** En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

**Rom 6:4** Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.

**2 Kor 5:17** Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

**Titus 3:4** Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het—
Tit. 3:5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees
Tit. 3:6 wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser;
Tit. 3:7 sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.

-o0o-